

Die ware koste van kanker

Posted on 06/10/14 | Tags: [Risk Management](#)

Dis Borskanker-bewusmakingsmaand – die algemeenste kankersoort onder vroue.



As die hoofsaak van sterftes wêreldwyd, het kanker egter nie net fisieke en emosionele implikasies nie. Dit kan ook 'n verwoestende uitwerking op jou finansies hê.

Volgens statistieke sal een uit ses persone in hul leeftyd kanker ontwikkel – en volgens die Kankervereniging van Suid-Afrika (Kansa) word 'n verstommende 90% van alle kankertipes deur omgewings- en leefstylfaktore veroorsaak. Dit beteken heelwat van die krag om jou risiko te verlaag lê in jou hande. Die grootste risikofaktore is ouderdom, gewig, familiegeskiedenis, rook, alkoholverbruik en 'n sittende leefstyl.

'n Gesonde leefstyl is uiters belangrik om siekte te help voorkom, maar waarborg nie goeie gesondheid en 'n lang lewe nie.

'n Kankerdiagnose lei nie net tot fisieke en sielkundige stres nie, maar kan ook finansiële druk veroorsaak aangesien behandeling duur en dikwels lank is.

Dit is daarom noodsaaklik om nie net aan jou leefstyl aandag te gee nie, maar ook aan jou finansiële beplanning, sodat jy jou teen die finansiële impak van 'n ernstige siekte kan beskerm.

Indien jy nie die regte dekking het vir koste wat nie deur jou mediese skema gedek word nie, kan dit 'n katastrofale uitwerking op jou finansies hê. Dr. Eric Starke, Senior Mediese Adviseur by Sanlam, sê drie belangrike areas van dekking is inkomste-beskerming, ongeskikheidsdekking en dekking vir gevreesde siekte.

'Mense dink dikwels dis genoeg om 'n lid van 'n goeie mediese skema te wees. Jou mediese rekeninge is egter net deel van 'n groter prentjie.'

Beskerm jou inkomste

'n Diagnose van kanker wat chirurgie, radio-terapie en chemoterapie vereis, kan beteken jy word tydelik in so 'n mate ingekort dat jy nie sal kan aanhou werk nie.

Dit kan inkomsteverlies beteken wat vir jou gesin finansiële verlamming kan wees indien jy 'n ouer of broodwinner is. 'n Inkomste-beskermervoordeel dek jou vir verlies aan inkomste wanneer jy tydelik ongeskik raak



vanweë 'n gevreesde siekte soos kanker.

'Dit is verreweg die belangrikste dekking buiten om 'n lid van 'n mediese skema te wees, veral as jy selfbesoldigend is,' sê dr. Starke.

'Mense begaan dikwels die fout om permanente ongeskiktheidsdekking uit te neem -voordat hulle inkomstebeskerming het.

'Ongeskiktheidsdekking tree eers in werking wanneer jy heeltemal en permanent ongeskik is. Intussen, wanneer die toestand nog nie die punt van permanentheid bereik het nie, moet jy finansiële oorleef. Jou vermoë om 'n inkomste te verdien is jou grootste bate en dis noodsaaklik dat jy dit beskerm.'

Dekking vir permanente ongeskiktheid

As jy kanker kry, kan jy moontlik nie aanhou werk nie. Permanente (of kapitale) ongeskiktheidsdekking gee jou finansiële beskerming. Ongeskiktheidsvoordele word as 'n enkelbedrag uitbetaal indien jou fisieke inkorting totale en permanente ongeskiktheid veroorsaak.

'n Behoeftentelling wat jou inkomste en -huidige ongeskiktheidsdekking in ag neem, -bepaal hoeveel bykomende ongeskiktheidsdekking jy nodig sal hê indien jy totaal en -permanent ongeskik raak.

Volgens dr. Starke kan dekking vir inkomste-beskerming, gevreesde siekte en ongeskiktheid as 'n alleenstaande voordeel uitgeneem word of deel van 'n gekombineerde pakket uitmaak.

Bekostigbaarheid van bykomende finansiële versekering is natuurlik 'n belangrike oorweging, saam met 'n ontleding van jou behoeftes vir jou ouderdom,' sê hy.

'Vir 'n 25-jarige met geen afhanklikes nie, sal inkomstebeskerming die belangrikste tipe -dekking wees. As jy weet jy het 'n familie-geskiedenis van kanker, kan jy egter ook 'n vlak van gevreesdesiekte-dekking insluit.'

Dr. Starke beveel aan dat 'n finansiële adviseur geraadpleeg word om 'n goeie balans te verseker tussen wat jy nodig het en wat jy kan bekostig.

Dekking vir gevreesde siekte

Kankerbehandeling kan jou finansies dreineer, maar die verwante koste van jou behandeling kan net so 'n nadelige uitwerking op jou bankbalans hê. Dis waar dekking vir gevreesde siekte noodsaaklike bystand kan bied as 'n ernstige siekte soos kanker by jou gediagnoseer word.

Dr. Starke sê Sanlam betaal jaarliks honderd-miljoene rande weens kankerverwante eise uit. Dekking vir gevreesde siekte, wat in 'n enkel-bedrag uitbetaal word, kan gebruik word vir:

- ritte na en van die mediese fasiliteit waar jy jou chemoterapie of ander behandeling ontvang
- akkommodasie vir familieleden terwyl jy behandel word
- basiese uitgawes soos 'n huislening of motorpaaier
- die koste van 'n versorger gedurende 'n lang hersteltyd
- versorging van jou kinders en die reël van vervoer of tuisversorging terwyl jy siek is.

Sanlam betaal 'n 100%-enkelbedragvoordeel vir stadium 1-kanker uit en 30% vir stadium 0- (kanker in situ) borskanker met 'n mastektomie, teenoor sommige ander maatskappye wat net 25% vir stadium 1-kanker betaal.

'Jy kan ook jou dekking vir gevreesde siekte gebruik om vir behandeling te betaal wat jou mediese skema dalk nie dek nie. Voorbeelde is rekonstruktiewe chirurgie in die geval van bors-kanker of duur biologiese middels wat gebruik word om verskillende tipes kanker te behandel,' verduidelik dr. Starke.

Borskanker en jy

Die algemeenste borskanker-statistiek is dat een uit elke agt vroue in hul leeftyd borskanker sal ontwikkel. Dit sou egter meer akkuraat wees om te sê dat as alle vroue ouer as 70 sou raak, een uit agt borskanker sou kry. Omdat die risiko saam met ouderdom toeneem, bepaal 'n vrou se huidige ouderdom haar leeftydrysiko. Volgens die jongste data van die Nasionale Kankerregister (NKR) sal borskanker by een uit 35 Suid-Afrikaanse vroue gediagnoseer word. Ongelukkig is dié syfers gebrekkig, want die NKR is weens 'n tekort aan hulpbronne in 2007 laas bygewerk.

Ondersteun kankerbewusmaking

Sanlam dra aktief tot kankerbewus-making by deur die jaarlikse Sanlam Kanker-Uitdaagrees in samewerking met Kansa aan te bied. Meer as 40 000 gholf-spelers neem deur die jaar aan sowat 800 klub-kompetisies landwyd deel ter ondersteuning van Kansa se voorkomingsprogramme en pasiëntesorgdienste. Sanlam is ook betrokke by veldtogte soos Movember, die Shavathon en Cuppa for Kansa.

© 2014 [Sanlam](#). All rights reserved.

Sanlam Investment Management Pty(Ltd) is an authorised Financial Services

Provider in terms of the Financial Advisory and Intermediary Services Act 2002.